LAERSKOOL KOOS SADIE

TEL 021 591 6151
FAKS/FAX 086 650 8928
EPOS/EMAIL ksadieps@mweb.co.za

E ROSSOUW
HOOF/PRINCIPAL

KOOS SADIE PRIMARY SCHOOL

DINGLEWEG/ROAD
GOODWOOD
7460

2 Maart 2020

Geagte Ouers

By Laerskool Koos Sadie streef ons altyd daarna om onderwys van die hoogste standaard in beide Afrikaans en Engels aan te bied.

Ongelukkig het die algemene demografie in die Goodwood-area die afgelope paar jaar baie verander en het die aantal Afrikaanse inskrywings drasties afgeneem. Die skool loop die risiko om 'n WKOD-opvoederspos te verloor en daar is ongelukkig nie ekstra geld in die begroting om vir 'n Skoolbeheerliggaampos te betaal nie.

Na 'n lang bespreking by die Beheerliggaamvergadering, op 11 Februarie 2020, is die besluit geneem dat daar in 2021 nie 'n Afrikaanse Graad 1-klas sal wees nie en dat daar ook geen Afrikaanse Graad R-leerders in 2021 aanvaar sal word nie. Die WKOD Distriksbestuurder het op 27 Februarie 2020 die SBL se besluit goedgekeur en afgeteken.

Ons sal wel die leerders wat tans in Graad 1 ingeskryf is tot Graad 7 akkommodeer. Ons vra om verskoning vir enige ongerief wat hierdie besluit vir die Afrikaanssprekende Goodwood-gemeenskap sal hê, maar Laerskool Goodwood Park en Ruyterwacht Voorbereiding sal hierdie leerders kan akkommodeer.

Die Afrikaanse- en Engelse klassyfers is as volg:

R1A	2	1A	6	2A	6	3A	16	4A	17	5A	18	6A	28	7A	21
R1E	28	1E1	33	2E1	33	3E	11	4E1	35	5E1	38	6E1	31	7E1	33
R2	30	1E2	31	2E2	41	3E1	34	4E2	36	5E2	38	6E2	37	7E2	33
		1E3	30	2E3	40	3E2	33	4E3	38	5E3	38	6E3	36	7E3	35
		1E4	30			3E3	31								

Om die skool optimaal te benut, moet 'n minimum van 30 leerders per klas akkommodeer word.

Ons vertrou dat u die situasie sal verstaan en die besluit wat geneem is, sal respekteer.

Die uwe

MNR. H. SNYMAN
SBL VOORSITTER

MEV. E. ROSSOUW
SKOOLHOOF